(ii) in the case of an employee who was in employment before this Determination became binding and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or on the date on which this Determination became binding, whichever is the later.

## 7. SICK LEAVE

(1) Subject to subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(a) in the case of an employee who normally works a five-day week, not less than 20 work-days'; and

(b) in the case of any other employee, not less than 24 work-days';

sick leave in the aggregate during each cycle of 24 consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this subclause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(i) in the first 24 consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five-day week, one work-day in respect of each completed period of five weeks of employment and, in the case of any other employee, one work-day in respect of each completed month of employment;

(ii) where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work—

(a) for more than three consecutive work-days; or

(b) on the work-day immediately preceding or the work-day immediately succeeding a Sunday or a public holiday; or

(c) on the work-day immediately succeeding the Monday after a public holiday which falls on a Sunday;

van die werknemer vereis om 'n sertifikaat voor te lê wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn onderteken is en waarin die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid vermeld word: Met dien verstande dat, wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van hoogstens agt weke by twee of meer geleenthede betaling ingevolge hierdie klousule ontvang het sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt weke onmiddellik na die laaste sodanige geleentheid van hom kan vereis om so 'n sertifikaat ten opsigte van enige afwesigheid voor te lê.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste siklus van 24 maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid vir 'n langer tydperk afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig op betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie reeds gedoen het nie, by verstryking van gemelde siklus of by diensbeëindiging voor sodanige verstryking, hom ten opsigte van sodanige langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid uitbetaal vir sover die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige verstryking of beëindiging toekom, nog nie geneem is nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) word die uitdrukking "diens" geag te omvat—

(i) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(aa) met verlof ingevolge klousule 6;

(ab) op las of versoek van sy werkgewer;

(ac) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);

en wat in enige jaar altesaam hoogstens 10 weke beloop; en

(ii) enige tydperk wat 'n werknemer van sy werk afwesig is vir militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidings- of dienstydperk as diens te eis nie;

en word enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en word alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende sodanige tydperk toegestaan is, geag ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te wees;

(b) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe siekte of besering wat deur 'n werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat sodanige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk of vergoedingspligtige siekte waarvoor skadeloosstelling kragtens die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, slegs as ongeskiktheid beskou word gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan geen ongeskiktheidsbetaling ingevolge daardie Wet betaalbaar is nie.

(5) Hierdie klousule is nie van toepassing nie—

(a) op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek sy werkgewer bydraes wat minstens gelyk is aan dié wat die werknemer self bydra, aan 'n fonds of organisasie betaal wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer waarborg dat, in geval van sy ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 20 of 24 werkdae, na gelang van die geval, in elke siklus van 24 maande diens aan hom betaal sal word, behalwe dat die gewaarborgde koers gedurende die eerste 24 maande wat die werknemer bydraes betaal, verlaag kan word maar tot minstens die aanwaskoers in die eerste voorbehoudsbepaling van subklousule (1) vermeld;

(b) ten opsigte van 'n tydperk van 'n werknemer se ongeskiktheid indien daar by 'n ander wet van 'n werkgewer vereis word om die werknemer minstens sy volle loon te betaal.

## 8. OPENBARE VAKANSIEDAE, SONDAE EN VRY PERIODES

(1) Behoudens klousules 4 (6) en 6 (2), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat nie op 'n openbare vakansiedag werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op 'n openbare vakansiedag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens klousule 4 (6), vir die week waarin so 'n dag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat die werknemer altesaam op só 'n dag gewerk het: Met dien verstande dat—

(i) waar daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n dag te werk, daar geag word dat hy vier uur gewerk het;

require the employee to produce a certificate signed by a registered medical practitioner stating the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that, when an employee has, during any period of up to eight weeks, received payment in terms of this clause on two or more occasions without producing such a certificate, his employer may, during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occasion, require him to produce such a certificate in respect of any absence.

(3) Where, during the first cycle of 24 months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid in respect of only such leave as has so accrued; but his employer shall, if he has not previously done so, at the expiration of the said cycle of employment before such expiration, pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiration or terminatinn, had not been taken.

(4) For the purposes of this clause the expression—

(a) "employment" shall be deemed to include—

(i) any period during which an employee is absent—

(aa) on leave in terms of clause 6;

(ab) on the instructions or at the request of his employer;

(ac) on sick leave in terms of subclause (1);

amounting in the aggregate, in any one year, to not more than 10 weeks; and

(ii) any period during which an employee is absent from work undergoing military training or service in pursuance of the Defence Act, 1957: Provided that an employee shall not be entitled to claim as employment more than four months of any one period of such training or service;

and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date on which this Determination became binding shall, for the purposes of this clause, be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(b) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than sickness or injury caused by an employee's own misconduct: Provided that any such inability to work, caused by an accident or a scheduled disease for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall only be regarded as incapacity during any period in respect of which no disablement payment is payable in terms of that Act;

(5) This clause shall not apply—

(a) to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause, the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for 20 or 24 work-days, as the case may be, in each cycle of 24 months of employment, except that during the first 24 months of the payment of contributions by the employee the guaranteed rate may be reduced but to not less than the rate of accrual set out in the first proviso to subclause (1);

(b) in respect of any period of incapacity of an employee in respect of which the employer is required by any other law to pay to an employee not less than his full wages.

## 8. PUBLIC HOLIDAYS, SUNDAYS AND FREE PERIODS

(1) Subject to clauses 4 (6) and 6 (2), if an employee, other than a casual employee, does not work on a public holiday, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee, other than a casual employee, works on a public holiday his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour or part of an hour worked by the employee in the aggregate on such day: Provided that—

(i) where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day he shall be deemed to have worked for four hours;

(ii) waar 'n werknemer op 'n openbare vakansiedag, uitgesonderd Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag, werk, sy werkgewer hom, in plaas van betaling vir elke uur of gedeelte van 'n uur deur hom op so 'n vakansiedag gewerk, een werkdag verlof kan toestaan òf op die laaste werkdag voor sodanige vakansiedag òf binne sewe dae na sodanige vakansiedag en hom minstens sy dagloon ten opsigte van sodanige dag se verlof kan betaal;

(iii) wanneer 'n openbare vakansiedag op 'n Sondag val, die daaropvolgende Maandag vir die toepassing van hierdie klousule as so 'n openbare vakansiedag geag moet word.

(3) Wanneer 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer of 'n skofwerker, op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(a) die werknemer—

(i) indien hy aldus vir 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon betaal;

(ii) indien hy aldus vir 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen minstens dubbel sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon betaal, en wel die bedrag wat die grootste is; òf

(b) die werknemer teen minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die totale tydperk wat hy op sodanige Sondag werk en hom binne sewe dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, daar geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(4) Wanneer 'n skofwerker op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom teen minstens dubbel sy gewone loon betaal ten opsigte van die totale tydperk, met inbegrip van oortyd, wat hy op dié Sondag gewerk het.

(5) Wanneer 'n skofwerker gedurende sy vry periode werk, moet sy werkgewer hom soos volg betaal:

(i) Indien hy aldus vir 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, teen minstens sy dagloon;

(ii) indien hy aldus vir 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen minstens dubbel sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk wat hy gedurende sodanige vry periode werk of minstens dubbel sy dagloon, en wel die bedrag wat die grootste is.

(6) Wanneer 'n los werknemer op 'n Sondag of 'n openbare vakansiedag werk, moet sy werkgewer hom teen minstens dubbel sy gewone loon betaal ten opsigte van die totale tydperk wat hy op enige van dié dae gewerk het: Met dien verstande dat indien van 'n werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n dag te werk, daar geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(7) Subklousules (1) tot en met (6) is nie van toepassing nie op 'n wag of op 'n werknemer wat uit hoofde van klousule 5 (10) (a) van die werkurebepalings uitgesluit is.

(8) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, mag 'n werkgewer nie van sy besteller, drywer, inspekteur, bestelwabediende of bestelwabediende se assistent vereis of hom toelaat om op 'n Sondag te werk nie; ook mag hy nie van enige ander klas werknemer, met inbegrip van 'n los werknemer, vereis of hom toelaat om op 'n Sondag die pligte van enige van genoemde klasse werknemers te verrig nie.

## 9. VERBOD OP INDIENSNEMING

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

## 10. GETALSVERHOUDING

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n bakker in diens neem nie tensy hy 'n voormanbakker in diens het.

(2) 'n Werkgewer mag nie 'n bakkersassistent in diens neem nie tensy hy 'n voormanbakker in diens het, en hy mag hoogstens ses bakkersassistente vir elke voormanbakker en ses vir elke bakker in diens neem.

(3) 'n Werkgewer mag nie van 'n bestelwabediende vereis of hom toelaat om vir meer as een bestelwa verantwoordelik te wees of daaroor beheer te hê nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule kan 'n werkgewer of 'n bestuurder wat op enige skof uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n voormanbakker verrig, vir sodanige skof as 'n voormanbakker geag word: Met dien verstande dat 'n werkgewer of 'n bestuurder nie vir meer as een skof op 'n dag of in meer as een bedryfsinrigting op 'n dag aldus geag mag word nie.

(ii) whenever an employee works on a public holiday, other than New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, Republic Day, Day of the Covenant or Christmas Day, his employer may, in lieu of paying him for each hour or part of an hour worked by him on such holiday, grant him one work-day's leave either on the last work-day before such holiday or within seven days after such holiday and pay him not less than his daily wage in respect of such day's leave;

(iii) whenever a public holiday falls on a Sunday the following Monday shall for the purposes of this clause be deemed to be such public holiday.

(3) Whenever an employee, other than a casual employee or a shift worker, works on a Sunday, his employer shall either—

(a) pay the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(b) pay the employee at a rate of not less than one and a third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) Whenever a shift worker works on a Sunday, his employer shall pay him at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period, including overtime, worked by him on such Sunday.

(5) Whenever a shift worker works during his free period, his employer shall pay him—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;

(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him during such free period or not less than double his daily wage, whichever is the greater.

(6) Whenever a casual employee works on a Sunday or on a public holiday, his employer shall pay him at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on any such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(7) Subclauses (1) to (6), inclusive, shall not apply to a watchman or to an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (10) (a).

(8) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Determination, an employer shall not require or permit his delivery employee, driver, inspector, vanman or vanman's assistant to work on any Sunday nor shall he require or permit any other class of employee, including a casual employee, to perform on any Sunday the duties of any of the said classes of employees.

## 9. PROHIBITION OF EMPLOYMENT

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

## 10. RATIO

(1) An employer shall not employ a baker unless he has in his employ a foreman baker.

(2) An employer shall not employ a baker's assistant unless he has in his employ a foreman baker, and he shall not employ more baker's assistants than six for each foreman baker and six for each baker in his employ.

(3) An employer shall not require or permit a vanman to be in charge of or responsible for more than one van.

(4) For the purposes of this clause an employer or a manager who, on any shift, is wholly or mainly engaged in performing the work of a foreman baker, may for such shift be deemed to be a foreman baker: Provided that an employer or a manager may not be so deemed for more than one shift on any day or in more than one establishment on any day.

(5) Hierdie klousule is van afsonderlike toepassing in elke bedryfsinrigting en subklousules (1) en (2) is van toepassing op elke skof in 'n bedryfsinrigting waarin meer as een skof op 'n dag gewerk word: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule 'n voormanbakker wat vir minstens vier uur op 'n dag met enige skof werk, geag kan word met die skof vir die volle duur van dié skof se werk vir daardie dag te gewerk het.

## 11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet veplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke, rubberstewels of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige uniform, oorpak of beskermende klere te was of te was en te stryk, en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 60c per week betaal.

## 12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(b) na die eerste vier weke diens, minstens een week;

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, die volgende te betaal:

(i) In die geval van een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van een week kennisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie: Voorts met dien verstande dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdrukking "ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken "ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korttyd afgetrek was nie".

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, kan op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met, en die kennisgewing nie mag geskied nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding of diens wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

(ii) daar nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 of weens ongeskiktheid in die omstandighede in klousule 7 (5) (a) of (b) uiteengesit van altesaam hoogstens 10 weke in 'n bepaalde jaar kennis gegee mag word nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde

(5) This clause shall apply separately to each establishment and subclauses (1) and (2) shall apply to each shift in an establishment in which more than one shift is worked on any day: Provided that for the purposes of this clause a foreman baker who on any day works for not less than four hours with any shift may be deemed to have worked with such shift for the whole period of its work for that day.

## 11. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, gumboots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee; and any such uniform, overall, gumboots or other protective clothing shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to wash or to wash and iron any such uniform, overall or protective clothing, in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than 60 cents every week.

## 12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work-day's;

(b) after the first four weeks of employment, not less than one week's;

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work-day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of one week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any work-day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training or service which an employee is under going in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7 or owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (5) (a) or (b) amounting in the aggregate to not more than 10 weeks in any one year.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such

van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee: Met dien verstande dat wanneer 'n werkgewer 'n bedrag aldus aan homself toegeëien het in plaas van kennisgewing, daar by die toepassing van klonsule 6 (5) geag word dat die werknemer die werkgewer betaal het in plaas van kennis te gee.

13. DIENSSERTIFIKAAT

Behalwe waar 'n werknemer se dienskontrak op grond van diensverlating beëindig word of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van enige dienskontrak die werknemer voorsien van 'n dienssertifikaat wesentlik in die volgende vorm, waarin die volle name van die werkgewer en die werknemer, die klas van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die loon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld word:

DIENSSERTIFIKAAT

Ek/Ons (a).....
wat die Brood- en Banketnywerheid beoefen te.....
.....
verklaar hierby dat.....
in my/ons (a) diens was van die.....dag
van.....19..... tot die.....dag
van.....19..... as (b).....
By diensbeëindiging was sy/haar (a) loon R.....
...../.....per week/maand (a).

.....
(Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger)

Datum.....19.....

(a) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(b) Meld die klas waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, arbeider, bakker, bakkersassistent, bestelwabediende.

I. J. CLAASSENS, Voorsitter.
W. J. SWARTZ, Addisionele Lid.
J. P. B. MARAIS, Addisionele Lid.
V. VENTER, Sekretaris.
Pretoria, 12 Junie 1980.
(19 September 1980)

KENNISGEWING 649 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-BENUTTING

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Mattheus Willem le Roux, Nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 4 (2), soos toegepas by artikel 7 (5), van bogenoemde Wet, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die African Transport Workers' Union. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekragbenutting, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria (Posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

*Naam van vakvereniging.*—African Transport Workers' Union.

*Datum waarop aansoek ingedien is.*—21 Julie 1980.

*Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.*—Swartes wat vir die doeleindes van die Wet werknemers is en in diens is as drywers en arbeiders in die Melkerybedryf in die landdrosdistrik Randburg.

employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice: Provided that where an employer has so appropriated an amount in lieu of notice, it shall be deemed for the purposes of clause 6 (5), that the employee paid the employer in lieu of notice.

13. CERTIFICATE OF SERVICE

Except where a contract of employment of an employee is terminated on the ground of desertion or where the employee is a casual employee, the employer shall, upon termination of any contract of employment, furnish the employee with a certificate of service substantially in the following form showing the full names of the employer and of the employee, the class of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the wage of the employee on the date of such termination,

CERTIFICATE OF SERVICE

I/We (a).....
carrying on trade in the Bread and Confectionery Industry at.....
.....
.....
hereby certify that.....
was employed by me/us (a) from the.....day
of.....19.....to the.....
day of.....19..... as (b).....
At the termination of employment his/her (a) wage was R.....
per week/month (a).

.....
(Signature of employer or authorised representative),

Date.....19.....

(a) Delete whichever inapplicable.
(b) State class in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk, labourer, baker, baker's assistant, vanman.

I. J. CLAASSENS, Chairman.
W. J. SWARTZ, Additional Member.
J. P. B. MARAIS, Additional Member.
V. VENTER, Secretary.
Pretoria, 12 June 1980.
(19 September 1980)

NOTICE 649 OF 1980

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar do hereby, in terms of section 4 (2) as applied by section 7 (5) of the above-mentioned Act, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the African Transport Workers' Union. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower Utilisation, Laboria Buildings, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria (Postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

TABLE

*Name of trade union.*—African Transport Workers' Union.

*Date on which application was lodged.*—21 July 1980.

*Interests and area in respect of which application is made.*—Black persons who are employees for the purposes of the Act and are employed as drivers and labourers in the Dairy Trade in the Magisterial District of Randburg.

"Melkerybedryf" beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die doel van die verkoop en/of verspreiding van volmelk en/of enigeen van of al die artikels wat in die omskrywing van suiwelprodukte ingesluit is, indien die verkoop of verspreiding daarvan geskied saam met die verkoop en/of verspreiding van volmelk, en omvat alle werk wat daarmee in verband staan, indien dit deur sodanige werkgewers en werknemers gedoen word, maar omvat nie die verkoop van oortollige volmelk, karringmelk, afgeroomde melk of afgeskeide melk aan melkverspreiders deur fabrieke wat suiwelprodukte vervaardig maar wat gewoonlik nie volmelk verkoop nie.

"Suiwelprodukte" beteken, sonder om die gewone betekenis van die term te beperk, room, botter, kaas, karringmelk, afgeroomde melk, afgeskeide melk, plantjiemelk, suurmelk of roomys.

*Posadres van applikant.*—Posbus 19, Johannesburg, 2000.

*Kantooradres van applikant.*—Sesde Verdieping, Cape York House, Jeppestraat 252, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2), moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrateur.

(19 September 1980)

## KENNISGEWING 650 VAN 1980

## DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

## UITHOU VAN GROND VIR DIE DOELEINDES VAN 'N OPENBARE PAD

Die Mynkommissaris vir die myndistrik Barberton het 'n strook oop geproklameerde grond op die plaas Waterval 168 JT, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Barberton, provinsie Transvaal, soos getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT No. R21/80 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die Kantoor van die Mynkommissaris, Barberton, bewaar word, kragtens artikel 179 (1) (b) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doeleindes van 'n openbare pad uitgehou.

(19/5/1/992)

(19 September 1980)

## KENNISGEWING 653 VAN 1980

## PLANTVERBETERINGSWET 1976 (WET 53 VAN 1976)

## WYSIGING VAN DIE VARIËTEITSLYS

Die Registrateur van Plantverbetering maak hiermee ingevolge die bepalings van artikels 20 (3) (b), 21 (1) en 21 (2) van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), bekend dat die name van die variëteite van

"Dairy Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of selling and/or distributing whole milk and/or any or all of the articles included in the definition of dairy produce if sold or distributed in association with the sale and/or distribution of whole milk and includes all work incidental thereto if carried on by such employers and employees but does not include the sale of surplus whole milk, buttermilk, skimmed milk or separated milk to milk distributors by factories at which milk products are manufactured and from which whole milk is not ordinarily sold.

"Dairy produce" means, without limiting the ordinary meaning of the term, cream, butter, cheese, buttermilk, skimmed milk, separated milk, cultured milk, sour milk or ice cream.

*Postal address of applicant.*—P.O. Box 19, Johannesburg, 2000.

*Office address of applicant.*—Sixth Floor, Cape York House, 252 Jeppe Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:

(a) The representativeness of any trade union which objects to the application shall in terms of section 4 (4) as applied by section 7 (5) be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.

(19 September 1980)

## NOTICE 650 OF 1980

## DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

## RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSES OF A PUBLIC ROAD

The Mining Commissioner for the Mining District of Barberton has, in terms of section 179 (1) (b) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for the purposes of a public road a strip of open proclaimed land on the farm Waterval 168 JT, District of Pilgrim's Rest, Mining District of Barberton, Province of the Transvaal, as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Barberton, under RMT No. R21/80.

(19/5/1/992)

(19 September 1980)

## NOTICE 653 OF 1980

## PLANT IMPROVEMENT ACT, 1976 (ACT 53 OF 1976)

## ALTERATIONS IN THE VARIETY LIST

In terms of sections 20 (3) (b), 21 (1) and 21 (2) of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976), the Registrar of Plant Improvement hereby makes known that the names of the kinds of plants contained in the

die soorte plante aangedui in die onderskeie kolomme van die Bylae hierby in die variëteitslys gehou ingevolge artikel 15 (1) van die voormelde Wet onderskeidelik opgeneem, gewysig en geskrap is.

J. F. VAN WYK, Registrateur: Plantverbeteringswet.

respective columns of the Schedule attached hereto have respectively been entered and amended in, and deleted from the variety list maintained in terms of section 15 (1) of the said Act.

J. F. VAN WYK, Registrar of Plant Improvement.

BYLAE/SCHEDULE

| Naam van soort<br>Name of kind | Wysiging<br>Amendment | Skrapping<br>Deletion | Byvoeging<br>Addition |
|---|---|---|---|
| *Brassica oleracea* L. convar botrytis (L.) Alef (Blomkool/Cauliflower) | Abundantia Syza word/become Abundantia | Cumulus | — |
| *Glycine max* L. Merril (Sojaboon/Soyabean)..... | — | — | Colombus; GS 7; Impala; Kudu en/and Randsom. |
| *Helianthus annuus* L. (Sonneblom—hoë olie/Sunflower—high oil) | — | — | *Basters/Hybrids:* AS 500; G 537; HV 775; PNR 194 H; PNR 291 H; PNR 296 H; SO 151; SO 202; SO 323; SF 999; SSH 18 en/and SSH 21. *Oopbestuif/Open-pollinated:* GOR 187. |
| *Helianthus annuus* L. (Sonneblom—lae olie/Sunflower—low oil) | — | — | *Basters/Hybrids:* SE 555. |
| *Lycopersicon lycopersicum* (L.) Karsten ex Farwell (Tamatie/Tomato) | — | Roma; Roodeplaat Albesto en/and Roodeplaat Premier | *Basters/Hybrids:* Meltine; Tella en/and Tristar. *Oopbestuif/Open-pollinated:* Hessoline. |
| *Sorghum bicolor* Moench..... | — | — | *Basters/Hybrids:* G 421; NK 190; NK 217; PNR B 816; PNR 8199; PNR 8451; PNR 8475 en/and SSK 3055. |
| *Zea mays* L. (Witmielies/White maize)..... | A321 word / becomes A335 W | — | CG 601; PNR 391; PNR 493; PNR 499; R 103; R 105; R 223; RO 407; RO 409; SABI 93; SABI 97; SSM 2039; SSM 2041; SSM 2043; SSM 2045 en/and SX 23. |
| *Zea mays* L. (Geel mielies/Yellow maize)..... | — | — | PNR 392; PNR 394; PNR 496; R 224; RO 422; RO 428; SABI 96; SABI 98; SSM 2030; SSM 2046 en/and TX 112. |

(19 September 1980)

## KENNISGEWING 654 VAN 1980

## DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

## WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

## AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 4 (2) van bogenoemde Wet hierby bekend dat 'n aansoek om registrasie as 'n vakvereniging ontvang is van die Sweet, Food and Allied Workers' Union. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekragbenutting, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria (Posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

### TABEL

*Naam van vakvereniging.*—Sweet, Food and Allied Workers' Union.

*Datum waarop aansoek ingedien is.*—29 April 1980.

## NOTICE 654 OF 1980

## DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

## INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

## APPLICATION FOR REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) of the above-mentioned Act, give notice that an application for registration as a trade union has been received from the Sweet, Food and Allied Workers' Union.

Particulars of the application are reflected in the subjoined table. Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower Utilisation, Laboria Buildings, corner of Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria (Postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

### TABLE

*Name of trade union.*—Sweet, Food and Allied Workers' Union.

*Date on which application was lodged.*—29 April 1980.

*Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.*—Persone wat vir die doeleindes van die Wet werknemers is en in diens is in die—

(a) Beskuitnywerheid in die landdrosdistrik Springs as verpakkers, etiketteerders, ketelbedieners, wagte, fabriekswerkers, drywers en arbeiders;

(b) Koelkamer-, Spekbereiding- en Kleingoederenywerheid in die landdrosdistrik Springs, uitgesonderd ambagsmanne, voormanne, assistent-voormanne, kleingoederewerkers en spekbereiders;

(c) Mineraalwaternywerheid in die landdrosdistrik Vereeniging, uitgesonderd ambagsmanne, voormanne en assistent-voormanne;

(d) Voedselnywerheid in die landdrosdistrik Springs, uitgesonderd ambagsmanne, voormanne en assistent-voormanne; en

(e) Vleisbedryf in die landdrosdistrik Camperdown, uitgesonderd ambagsmanne, voormanne en assistent-voormanne.

"Beskuitnywerheid" of "Nywerheid" beteken die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om met die hand of deur middel van 'n masjien beskuit, wafels, keëls, matzos, pretzelstokkies, koeke en Kerspoedings te vervaardig vir verkoop, en omvat ook die verspreiding, deur sodanige werkgewers en/of werknemers, van enigeen van of al sodanige produkte en voorts ook alle werksaamhede wat uit voornoemde werksaamhede voortvloei of daarmee in verband staan.

"Koelkamer-, Spekbereiding- en Kleingoederenywerheid" beteken die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings met die doel om die volgende werksaamhede te verrig:

Die bevriesing, verkoeling of opberging in koelkamers van enige artikel teen vergoeding; die bereiding of vervaardiging van spek, biltong of rou wors; die bereiding, vervaardiging, preservering, inmaak, bottel of verseëling van gaar vleisprodukte (waarvan vleis die enigste of die hoofbestanddeel is, maar uitgesonderd worsrolletjies, vleispasteie of soortgelyke banket) wat in hoeveelhede en in 'n vorm wat geskik is vir die verkoop aan individuele uiteindelike verbruikers sonder verdere verwerking of bereiding afgeset word, met inbegrip van gaar sout beesvleis, gaar wors, polonie, sult, bloedwors, gemaalde vleis, frikkadelle, vleisbolletjies, smere, ekstrakte of ander produkte waarvan die vleis gemaal, opgesny, fyngesny of op 'n ander wyse in stukkies verdeel word as 'n bestanddeel van sodanige produk; die bereiding of vervaardiging van gesoute, gerookte, gedroogte of ingelegde vleis of vleisprodukte (waarvan vleis die enigste of die hoofbestanddeel is); die skoonkrap van derms of die vervaardiging of bereiding van wors- of poloniederms; die ekstraheer of uitbraai van varkvet, braaivet of ander diervette;

en omvat alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde werksaamhede in verband staan of daaruit voortspruit, maar omvat nie enigeen van bogenoemde bedrywighede nie indien dit gepaard met die bestuur van 'n teekamer, restourant of 'n kleinhandelslagtery verrig word nie.

"Mineraalwaternywerheid" beteken die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede te verrig, naamlik die vervaardiging, bereiding of bottel van—

(a) mineraal-, koolsuur- of spuitwater, gemmerbier, hopbier, nie-alkoholiese vrugtestrope, geurstrope, niegegiste dranke of ander soortgelyke dranke;

*Interests and area in respect of which application is made.*—All persons who are employees for the purposes of the Act and who are employed—

(a) as packers, labellers, boiler attendants, watchmen, factory operatives, drivers and labourers in the Biscuit Manufacturing Industry in the Magisterial District of Springs;

(b) in the Cold Storage, Bacon Curing and Small Goods Manufacturing Industry in the Magisterial District of Springs; but excluding artisans, foremen, assistant foremen, small goodsmen and bacon curers;

(c) in the Mineral Water Manufacturing Industry in the Magisterial District of Vereeniging; but excluding artisans, foremen and assistant foremen;

(d) in the Food Industry in the Magisterial District of Springs; but excluding artisans, foremen and assistant foremen;

(e) in the Meat Trade in the Magisterial District of Camperdown; but excluding artisans, foreman and assistant foremen.

"Biscuit Manufacturing Industry" or "Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the purposes of manufacturing, by hand or machine, biscuits, wafers, cones, matzos pretzel sticks, cakes and Christmas puddings for sale, and includes the distribution by such employers and/or employees of any or all such products and further includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities.

"Cold Storage, Bacon Curing and Small Goods Manufacturing Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the purpose of freezing, chilling or storing in cold storage for reward; the preparation or manufacture of bacon, biltong or raw sausages; the preparation, manufacture, preservation, canning, bottling or sealing of cooked meat products (the sole or main ingredient of which is meat, but excluding sausage rolls, meat pies or confectionery of a similar nature) marketed in quantity and in a form suitable for sale to individual final consumers without further processing or preparation therof, including cooked salt beef, cooked sausages, polony, brawn, black pudding, mince meat, fricadels, meat balls, meat pasties, extracts or other products in which the meat is minced, cut up, chopped or otherwise subdivided into portions as an ingredient in such product; the preparation or manufacture of salted, smoked, cured or pickled meat or meat products (the sole or main ingredient of which is meat); the scraping of guts or the manufacture or preparation of sausage or polony castings; the extraction or rendering of lard, dripping or other animal fats; and includes all activities incidental to or consequent on any of the aforesaid activities but does not include any of the activities referred to above if carried on incidental to the conduct of a tearoom, restaurant or retail butchery.

"Mineral Water Manufacturing Industry" means the industry in which employers and employees are associated for the purpose of carrying on any one or more of the following activities, namely manufacturing, preparing or bottling—

(a) mineral, carbonated or aerated water, ginger beer, hopbeer, non-alcoholic cordials, flavour syrups, unfermented drinks or other similar beverages;

(b) vrugte- of groentekwasse, -konsentrate of -sappe; en omvat—

(i) die aflewering, verspreiding of verkoop vanuit enige perseel van watter aard ook al van enigeen of meer van genoemde produkte indien sodanige aflewering, verspreiding of verkoop onderneem word deur dieselfde werkgewer wat sodanige produkte vervaardig, berei of gebottel het; en

(ii) alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit.

"Voedselnywerheid" beteken die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings wat geregistreer is of aan registrasie onderworpe is ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1944, met die doel om een of meer van die volgende produkte te vervaardig, te verpak, te konsentreer of te preserveer (deur middel van enige proses, uitgesonderd bevriesing):

(a) Glans- of gekristalliseerde vrugte (behalwe gedroogde of gemaalde vrugte);

(b) blatjang, atjar, mayonnaise, toebroodjiesmeer of tafelsous;

(c) aartappelpoeier, kaaspoeier, ertjiemeel, boontjiemeel, matsemeel, bruismeel of bindmiddels;

(d) souspoeier, sop (met inbegrip van klaar gemengde droë bestanddele wat by die maak van sop gebruik word), kerriepoeier of speserye;

(e) gekookte of rou macaroni, vermicelli, spaghetti of noedels;

(f) jellie, vlapoeier, blanc-mange, kitsklaar nageregte, versiersuiker, strooisuiker of roomyspoeier;

(g) bakpoeier, gis, geurmiddels, kleurmiddels vir voedselware, ekstrakte of asyn;

(h) klaar voorbereide ontbytvoedsel;

